

Mediaverklaring

Lesufi se uitlatings oor taalbeleid onwaar en misleidend

20 Augustus 2019

Die Skoleondersteuningsentrum is geskok oor Panyaza Lesufi, Gautengse LUR vir onderwys, se foutiewe uitlatings tydens 'n onderhoud op Talk Radio 702 Vrydag, 16 Augustus.

Tydens die onderhoud voer Lesufi aan dat alle skole se taalbeleid deur wetgewing nietig verklaar is en dat geen skool op hierdie tydstip oor 'n geldige taalbeleid beskik nie. Volgens Lesufi moet ouers voor die einde van September by hul onderskeie skole vergader om saam te stem oor 'n nuwe taalbeleid, wat dan deur die departement goedgekeur sal word.

Hierdie stelling is teenstrydig met nasionale en provinsiale wetgewing oor die taal van onderrig en leer. "Die reg van beheerliggame om die taalbeleid van skole te bepaal word deur Lesufi se stelling misken," sê Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling aan die SOS. "Die nuwe regulasies vir toelating aan Gautengse skole, wat in Maart vanjaar gepubliseer is, ignoreer ook doelbewus onderrigtaal as kriteria vir toelating tot 'n skool."

Die regulasies eis wel dat skole hul toelatingsbeleide hersien en aan die departement voorlê vir goedkeuring. "Dit verwys nie na skole se taalbeleid nie," sê Buys. "Miskien het Lesufi die toelatingsbeleid met die taalbeleid verwar. Hy verstaan skynbaar nie die verskil tussen die twee nie."

Volgens Buys stel die Suid-Afrikaanse Skolewet, die Gautengse Skolewet en Nasionale Norme en Standaarde vir Taalbeleid aan openbare skole dit duidelik dat 'n skool sy eie taalbeleid mag formuleer en toepas. Dit sou slegs onbillike diskriminasie wees indien 'n Afrikaanse skool byvoorbeeld weier om 'n Engelse leerder in te neem, waar die leerder bereid is om in Afrikaans onderrig te word. "Dit is juis met hierdie riglyne in gedagte dat die SOS 'n konsep-toelatingsbeleid vir skole opgestel het, wat die taal van onderrig in ag neem en dit in lyn bring met 'n skool se taalbeleid en die Nasionale Norme en Standaarde vir Taalbeleid," sê Buys. Die konsepbrief is hier beskikbaar: <https://skole.co.za/toelatingsbeleid/>.

Buys het minister Angie Motshekga en die Gautengse Onderwysdepartement versoek om Lesufi te repudieer, aangesien sy uitsprake strydig is met wetgewing en skriftelike verklarings vanaf sy eie departement.